# VERSLAG: VISRIVIER CANYON STAPTOER 29 JUL – 02 AUG 2024

Dit was vroeg toe agt van ons klublede die Saterdagoggend van 27 Julie met Cassie se Toyota Hilux-bakkie en my Volkswagen Polo uit Oudtshoorn vertrek na Cat Nap in Springbok, waar ons sou oornag en waar nog twee klublede, Berni Reeksting en Jenny Reed, by ons sou aansluit. Daar gekom, het ons ʼn draai by die winkels gemaak om die nodige aankope te doen. Ons was maar taamlik moegerig ná die lang dag se ry en het die aand gaan uiteet. Die slaapsaal by Cat Nap was heel gerieflik en die laaste weelde voor die volgende klompie dae se harde slaap op die sand.

Die volgende oggend is ons by Vioolsdrif en Noordoewer deur die grenspos en het by die Engen-motorhawe aan die Namibië-kant brandstof gekry (wat inderdaad twee sent duurder per liter was as die brandstof wat ons by Citrusdal ingegooi het – brandstof is blykbaar nie meer goedkoper in Namibië soos wat voorheen die geval was nie).



*Slaapsaal by Cat Nap in Springbok – heel gerieflik*




Die volgende dag is ons by Vioolsdrif en Noordoewer deur die grenspos en het na sowat 58 km die sowat 82 km op die D316-grondpad deur die woestynagtige landskap na Ai-Ais aangepak. Die grondpad is in ʼn redelike goeie toestand. By Ai-Ais gekom, het ons ingeboek en die voertuig wat ons die volgende oggend na die beginpunt sou neem, bespreek. Toe is daar kamp gemaak en voorberei vir die aand se braai en die stap wat die Maandagoggend sou begin. Die vroue het slaaie gemaak, en Cassie en die ander manne het die braai hanteer.






*Kampeer op die droë gras by Ai-Ais*

Die volgende oggend het ʼn ander groep en drie van ons groep se dames in die toe bussie na die beginpunt gery, en ons ander sewe het in die oop voertuig agter die ander voertuig gery. Die rit was ʼn absolute riller, omdat dit die oggend omtrent vriespunt was en ons sowat 80 km in die koue wind eers tot by Hobas gery het, waar ons nog papierwerk afgehandel en inligting oor die waterpunte op die staproete gekry het, toe verder vir nog 10 km tot by die beginpunt.

**Dag 1: Beginpunt tot by Spring in the Reeds (6 km)**



*Vlnr: Frans Kalp, Cassie Coetzee, Annelies Fourie, Jenny Reed, Berni Reeksting, Nicky Roux Charles Muller, Karen Hattingh en Jolinda Kalp (Foto: Danie Steyl)*

Die eerste entjie teen die afdraande af oor die losserige gruis en klippe kan nogal intimiderend wees vir iemand met hoogtevrees, en ons het dit maar stadig en versigtig gedoen. In die ander groep het twee vroue van die ander groep halfpad teen die afdraande besluit dit is nie hulle ding nie, en die leier moes reëlings tref om hulle op ʼn veiliger plek te kry.



*Die lang afdraande van sowat 1.8 km neem nogal heelwat tyd, omdat ʼn mens maar versigtig moet wees vir gly. ʼn Goeie stapstok is ʼn moet op die roete.*



Onder gekom, het ons verpoos by ʼn waterpoel met goeie water en toe verder gegaan oor die klipbanke, rotse en sand, wat elke dag daarna sou kenmerk. Ons het dié dag net 6 km gestap omdat die moeilike terrein ons spiere taamlik uitgeput het. Ons was vroegerig by Spring in the Reeds, waar daar ʼn waterpoel met drinkbare water was. Ons moes deurentyd ons water bestuur sodat ons genoeg water het ingeval daar nie water by volgende punte sou wees nie, maar niemand het dors gely nie. By Spring in the Reeds het ons kamp opgeslaan, en daar het ons kennis gemaak met die sand en die fyn stoffie daarin, wat orals inkruip – in jou hare, ore, neus, tent, slaapsak, skoene, koffiebeker ens. Daar is genoeg sand en klippe ...

 

*Kampeerplek by Spring in the Reeds*

**Dag 2: Spring in the Reeds tot by Palm Sulphur Springs (12 km)**

Hierdie dag se stap was ook moeilik oor en om groot rotse en klipbanke, en ons het so gekonsentreer om paaie te vind dat ons die beroemde Vespa heeltemal gemis het – niemand het hom gesien nie!

By Palm Sulphur Springs is ŉ dik stroom skoon, warm water wat uit die ravynwand in ŉ voortjie afloop tot in die groot poel. Ons het die water laat afkoel, en dan was dit heerlik drinkbaar. Van die groeplede het ook lekker "gebad" in die poel onderkant die watervoor. In hierdie omgewing het ons ook drie wilde perde gesien.

 

*Op pad na Palm Sulphur Springs en slaapplek daar*

**Dag 3: Palm Sulphur Springs na Sandy Slope (15 km)**

Van hier af was die ergste moeilike terrein agter die rug en het ons begin makliker stap. Drinkbare natuurlike water was egter van hier af ŉ probleem, en ons moes begin uitkyk vir die waterpunte waarheen waterdraers die water aandra. Ons kon genoeg water saamdra tot by die eerste waterpunt twee kilometer voor Sandy Slope, ons slaapplek. Hier het ek water deur ŉ skoon sakdoek gefiltreer en gekook om die volgende dag genoeg water te hê – dit was die enigste keer op die roete dat ek dit nodig geag het. Daar was heelwat stagnante poele groen water in die rivierloop wat ŉ mens sou kon filtreer, kook en suiwer met watersuiweringstablette as jy regtig in die nood sou raak.

Bobbejane was maar oral iewers in die agtergrond en het dikwels hulle stemme dik gemaak. Ons moes maar katvoet wees en ons goed mooi oppas.



*Die eerste waterpunt 2 km voor Sandy Slope*



*Twee mans van die ander groep klim Sandy Slope uit*



*Sandy Slope van 'n ander hoek af*



*Water naby Sandy Slope*

**Dag 4: Sandy Slope na kampeerplek by poel tussen Pink Palace en Bandage Pass (20 km)**

Omdat ons nog 35 km oor die laaste twee dae moes stap, het ons besluit om op hierdie dag ons langste been te stap. Hier het die ravyn begin oopmaak en het ons groter sand- en klipvlaktes begin kry, veral ook by die kortpaaie op hierdie dag. Ná die eerste 13 km het ons 'n waterpunt gekry, en weer 'n drom water by Pink Palace.



*Waterpunt 13 km van Sandy Slope af*



*Een van die waterdraers by die groep*

*Waterstasie op pad na Pink Palace*







*Waterdraers se "honesty box"* — *Lt Thilu von Trotha se graf*





*Pink Palace* — *Laaste slaapplek anderkant Pink Palace*

**Dag 5: Terug na Ai-Ais (14 km)**

Hierdie dag se stap was relatief maklik oor sandvlaktes en tussen kliprantjies deur tot by Ai-Ais, waar ons ongeveer 13:00 die middag aangekom het. Dit was ŉ warm dag, en die koue drinkgoed het sag in die keel afgegly en was ŉ welkome lafenis. Die swem in die warmbron was ook ŉ wenner. Ek sal nie juis spesiaal huis toe skryf oor die uiteet en die diens by die Ai-Ais restaurant daardie aand nie, hoewel dit darem lekkerder was as die stapkos wat ons saamgedra het. Die restaurant het nie vir my koffie gehad toe ek daarvoor vra nie....



**Die terugtog**

Nadat ons die aand weer by Ai-Ais kampeer het, het ons die volgende oggend 09:00 weer in die pad geval terug SA toe, deur die grenspos gegaan, vleis en slaaie en ander benodigdhede vir die aand se braai in Springbok aangekoop, en toe verder gery tot by Highlanders Lodge & Campsite naby Trawal (naby Klawer), waar ons weer tente opgeslaan en lekker die aand om die braaivleisvuur gekuier het.




*Highlanders Lodge & Campsite het pragtige kampeerplek en ek sal dit enige tyd aanbeveel.*

Na ŉ heerlike nagrus het ons die volgende oggend in die pad geval huis toe en daardie aand heerlik snoesig en doeksag in ons eie beddens geslaap, met net ŉ klein bietjie heimweë na die harde slaap op die sand in die Visrivier Canyon.

**Algemene opmerkings oor die Visrivier Canyon (VC)**

1. **Kaart:** Slingsby se kaart van die VC is onontbeerlik – moenie daarsonder probeer stap nie.

2. **Water:** Hoewel die VC erg droog was, het ons elke dag genoeg water gehad. ŉ Mens moet net aanvul tot by 3 liter elke keer wanneer jy die geleentheid kry – en daar is genoeg geleenthede.

3. **Afstande:** Beskikbaarheid van water en die aard van die terrein het die afstande wat ons gestap het (kyk hierbo), bepaal. Die eerste twee dae se terrein is moeilik en meer uitputtend, daarom het ons onderskeidelik 6 en 12 km op hierdie twee dae gestap. Daarna raak die terrein meer gelyk en "makliker" (as jy "boulder hopping" deur die rivierbedding en stap deur sand maklik kan noem) en kan ŉ mens langer afstande stap.

4. **Landskap:** Die VC het ŉ verskeidenheid van skilderagtige landskappe wat ŉ mens kan waardeer – gaan kyk gerus na die foto's op die klub se webwerf by die volgende skakel: https://kleinkaroovoetslaanklub.godaddysites.com

5. **Eerste oggend se vervoer vanaf Ai-Ais na die beginpunt:** Trek al die warm klere aan wat jy het – warm baadjie, kopmus, handskoene ens. Dit is nie koud op daardie oop voertuig nie, dit is donners koud, en dit is ŉ growwe onderbeklemtoning!

6. **Ai-Ais:**
   - In die algemeen verwaarloos en swak onderhou.
   - Water is ŉ probleem en is by tye nie beskikbaar in die krane nie.
   - Stortkrane is los en sommige stort-dreineringspype is verstop.

- Daar is nie wasbakproppe nie – neem jou eie saam.
- Daar is nie braairoosters nie – neem jou eie saam.
- Moenie veel verwag van die restaurant nie – jy mag dalk teleurgesteld wees. (Ek sal volgende keer my eie ete maak).
- Die koste van kampering was R350 pp/nag, wat myns insiens grens aan uitbuiting, gegewe al die bogenoemde probleme.

6. **Of ek die VC weer sal gaan stap?**: Nee. Was daar gewees, dit was goed en mooi en lekker, het dit klaargemaak, maar ander geleenthede en avonture wag...

**Die groep**

Ons was ʼn wonderlike en ʼn sterk groep. In die oggende wanneer ons nog gelê en balke saag het, het Eric (die gids wat die ander groep gelei het) sy mense opgejaag en terwyl ons nog ons nog rustig ons ontbyt gemaak het, het hulle al vertrek – gewoonlik byna ʼn uur voor ons, maar dan het ons hulle iewers in die middel van die dag verbygegaan.

Baie dankie aan almal in die groep vir elkeen van julle se unieke bydraes om die stap ʼn goeie en lekker ervaring te maak. Dit was lekker om dikwels mense te hoor lag en grappe maak. Julle het alles in ʼn goeie gees gedoen en baie goed saamgewerk, wat die staptoer soveel meer spesiaal gemaak het. Boweal, dankie aan ons Hemelse Vader wat alles, ook die water-situasie, vir ons ten goede laat meewerk het en ons veilig op die pad en sonder ernstige beserings deur die VC begelei het.

Tot volgende keer!

Stapgroete

**Danie Steyl**
**(Organiseerder)**